# Inleiding

'n Uitstalling van die werk van gekose oud-studente word as deel van die Departement Argitektuur van die Universiteit Pretoria se 50 jarige bestaansherdenking in die Pretoriase Kunsmuseum tentoongestel. As akademiese instelling staan die Departement in diens van die gemeenskap, en wil dit ook graag met daardie gemeenskap in gesprek tree en daaraan rekenskap doen. Om hierdie rede stal die Departement die werk en gedagtes van sy beste studente sowel as praktisyns wat as belangrike bydraers tot argitektuur beskou word, deur middel van 'n retrospektiewe uitstalling van hul werk aan die breër publiek bekend.

Die publiek ervaar daagliks die produkte van argitekte in die stedelike omgewing. Waarom dus 'n uitstalling van argitektoniese werke in 'n kunsmuseum? Die uitstalling het meervoudige doelstellings:

* Daar word gepoog om binne 'n enkele uitstalling 'n geheelbeeld te verkry van die aard en kwaliteit van werke wat oor 50 jaar deur praktisyns en finalejaarstudente wat hulself deur meriete onderskei het ontwerp is,

* om moontlike tendense in daardie werke te kan waarneem,

* om argitekte die geleentheid te bied om grafiese ontwerpgedagtes uit te stal as artifakte in eie reg,

* om ontwerpers die kans te gee om die ontwerpinhoud van sekere selfgekose werke te ontbloot, ten einde begrip vir die rol van argitektuur as kultuuruiting, asook begrip vir die konteks waaruit argitektuur gevorm word, te verhoog,

* en om die posisie van sekere argitekte binne 'n wyer argitektoniese debat te kan verstaan.

Die Departement wil nie hierdie werk as sy eie toe-eien nie. Terwyl al die argitekte 'n Alma Mater deel en derhalwe 'n gemeenskaplike opvoeding deel, het elkeen van die uitstallers 'n eie vormingsproses ondergaan waarin die Departement nie deel het nie. Die Departement plaas egter wel 'n premie op die uniekheid van die individu, en die vermoë van argitekte wat aan die Departement studeer het om kreatief te kan optree optree binne steeds veranderende kontekste. In hierdie sin is die uitstalling 'n viering van kreatiwiteit sowel as die positiewe bydrae van argitektoniese handeling.

**Bedankings**

Die volgende instansies en persone word bedank:

* Die Pretoriase Kunsmuseum: Hierdie uitstalling is 'n koöperatiewe poging tussen die Departement en die Kunsmuseum. Die Kunsmuseum behartig egter die bedryf van die uitstalling en dra die kostes vir die opening, program en advertensies.

* Mej Willemien Beukes, derdejaarstudent aan die Departement, vir die ontwerp van die uitstallingsembleem. Die embleem is gekies tydens 'n eendag ontwerpkompetisie.

* Stuttafords Van Lines, vir die gratis vervoer van alle werke elders as Pretoria.

* Mnr Leon Holzapfel, vir die samestelling van die werk van wyle Brian Sandrock.

* Mnre Willem Steyn en Johan Jooste, vir die samestelling van die werk van wyle Karel Jooste.

* Mnr Rudolf van Rensburg, mej Marianne de Klerk en Mnr Hans Wilreker, vir die samestelling van die werk van Jan van Wijk.

Karel Bakker (Uitstalling koördineerder)